



By modderpoele  
of  
suiwer fonteine?

'n Beoordeling van die  
Apokriewe boeke

H Hefer

**By modderpoele  
of  
suiwer fontein?**

(Vroeër uitgegee onder die titel: “*Die Apokriewe Boeke – ’n  
Beoordeling*”)

Eerste uitgawe: 2007, 2010

Tweede uitgawe: 2011

Jeremia Bediening

Brakpan

Suid-Afrika

# INHOUDSOPGAWE

<b>INLEIDING: “KANONIEK” EN “APOKRIEF” .....</b>	<b>1</b>
<b>DIE OU TESTAMENTIESE APOKRIEWE (OTA) .....</b>	<b>3</b>
<b>Die OTA in die geskiedenis .....</b>	<b>3</b>
<b>Die standpunt van die Reformasie .....</b>	<b>4</b>
<b>Beoordeling van die OTA.....</b>	<b>7</b>
<b>DIE NUWE TESTAMENTIESE APOKRIEWE (NTA) .....</b>	<b>9</b>
<b>Die NTA in die geskiedenis .....</b>	<b>9</b>
<b>Beoordeling van die NTA .....</b>	<b>10</b>
<b>Behoort ons dan die NTA te lees? .....</b>	<b>13</b>
<b>BY MODDERPOELE OF SUIWER FONTEINE? .....</b>	<b>15</b>
<b>LITERATUUR.....</b>	<b>16</b>

Hierdie pamflet kan bestel word by:

[jeremia.uit@gmail.com](mailto:jeremia.uit@gmail.com)

of

Posbus 8513, Minnebron, 1549

of

082 342 3091

**Jeremia Bediening**



Vir die Waarheid - teen die leuen!

## INLEIDING: “KANONIEK” EN “APOKRIEF”

Ons hoor al hoe meer aansprake dat “verlore boeke van die Bybel” of “verlore boeke uit die Bybelse tyd” gevind word. Almal is dit nie eens oor die belangrikheid van hierdie boeke nie. Sommige is van mening dat dit interessante leesstof is wat vir ons ‘n beter begrip van die leewêreld van die laaste eeue van die Ou Testamentiese bedeling en van die vroeg Christelike kerk gee. Ander neem die standpunt in dat sommige van hierdie boeke in die Bybel opgeneem moes gewees het. Daar is ook diegene wat beweer dat die verskille tussen hierdie buite-Bybelse literatuur en die Bybel bewys dat die Bybel onbetroubaar en eensydig is - dat die Bybel slegs die geloofs-oortuiging van ‘n bepaalde stroom van die vroeë Christendom verteenwoordig.

Daar heers op die oomblik groot belangstelling in die buite-Bybelse literatuur. In die openbare media word dit oorwegend in ‘n positiewe lig gestel. Die een na die ander publikasie daarvan en daaroor sien die lig. “Teoloë” gebruik hierdie boeke om gelowiges se oortuiging dat die Bybel die betroubare, genoegsame en gesagvolle Woord van God is, te ondergrawe. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges vir hulself sal uitmaak hoe die sogenaamde “apokriewe boeke” beoordeel moet word.

Wanneer ons die apokriewe boeke wil beoordeel is dit noodsaaklik om ‘n duidelike onderskeid tussen “kanoniek” en “apokrief” te tref. Die “kanonieke boeke” verwys na die 66 boeke (NGB Art 4) wat deur die Kerke van die Reformasie as die Woord van God “erken” is.

Die begrip kanoniek is afgelei van die woord “kanon” wat “maatstaf” beteken. Deur die Bybel die kanon te noem bely Gereformeerde gelowiges dat dit die *enigste en volmaakte* maatstaf vir die leer en die lewe van die kerk is (NGB Art 1-7). Omdat dit die geopenbaarde, geïnspireerde en gesagvolle Woord van God is, is dit volkome betroubaar en genoegsaam en kan die kerk haar geloof na

die Bybel rig, op die Bybel grond en met die Bybel bevestig (NGB Art 5).

Die woord “apokrief” is afgelei van ‘n Griekse woord wat “verborgte” of “geheim” beteken. Die begrip “apokriewe boeke” verwys na die buite-Bybelse boeke wat in die laaste eeue van die Ou Testamentiese bedeling en die eerste eeue van die Nuwe Testamentiese bedeling geskrywe is, maar nie deur die kerke van die Reformasie as Woord van God aanvaar is nie.

Daar is so ‘n groot verskil tussen die Ou Testamentiese en Nuwe Testamentiese apokriewe dat ons hulle afsonderlik moet bespreek en beoordeel.



# DIE OU TESTAMENTIESE APOKRIEWE (OTA)

## Die OTA in die geskiedenis

Die sogenaamde Ou Testamentiese apokriewe het in die laaste eeue van die Ou Testamentiese bedeling ontstaan. Hulle is in Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf en sluit onder andere byvoegings tot Bybelboeke (soos Ester, Daniël en Jeremia), ander geskiedkundige stof, verhale, gebede, wysheidsgeskrifte en apokaliptiek in.

Die OTA was nooit deel van die kanon van die Jode nie. Uit die uitsprake van verskeie rabbis wat 'n leiersrol in die Joodse gemeenskap in die eerste twee eeue na Christus gespeel het, blyk dit dat hulle baie negatief teenoor die "buite kanoniese boeke" (OTA) gestaan het <sup>(1)</sup>. Die vergadering in Jamnia wat aan die einde van die eerste eeu n.C. gehou is, is voldoende bewys dat die boeke wat vandag as die 39 kanonieke boeke van die Ou Testament bekend staan, ook deur die Jode as kanon aanvaar is. <sup>(2)</sup>

Hoe het dit dan gebeur dat die vroeg Christelike kerk sommige van die OTA in die Ou Testament opgeneem het? Ongeveer 200 jaar v.C. het 'n groep Joodse geleerdes, terwille van Jode buite Palestina wat nie meer Hebreeus magtig was nie, die Ou Testament in Grieks vertaal. Hierdie vertaling word die Septuaginta (LXX) genoem. Om een of ander rede – vir ons onbekend – het hulle sommige van die apokriewe, wat nie deel van die Hebreeuse kanon was nie, in hul vertaling opgeneem.

Die meeste van die vroeë kerkleiers was nie Hebreeus magtig nie en was daarom van die Septuaginta afhanklik. So het die OTA deel van die lewe van die Christelike kerk geword. Verskeie kerkvaders wat in die 2de en 3de eeu geleef het (onder andere Ireneus, Tertulianus en Cyprianus) het die OTA aangehaal op 'n wyse wat aandui dat hulle dit as gesagvol erken het. Die kerkvergaderings van Hippo

---

<sup>1</sup> Lane, p 100

<sup>2</sup> Edwards [2], pp35-37

(393 n.C.) en Carthago (397 n.C.) het, op voetspoor van die LXX, sommige van die Ou Testamentiese apokriewe in die Latynse vertaling (die Vulgaat) opgeneem.

Daar was egter ook diegene wat dié oortuiging gehuldig het dat die kanon tot die Hebreuse Ou Testament beperk is. Melito, die biskop van Sardis (170 n.C.), is na Jerusalem om duidelikheid te kry oor die kanon van die Ou Testament. Sy gevolgtrekking was dat net die boeke in die Hebreuse kanon, deel van die Heilige Skrif was <sup>(3)</sup>. Skerp kritiek op die opneem van die OTA in die Bybel is onder andere ook deur die kerkvaders Athanasius (293 – 373 n.C.) en Hieronimus (345 – 420 n.C.) uitgespreek. Daar was dus twee standpunte oor die OTA in die vroeg Christelike kerk. Die een stroom het sommige van die Ou Testamentiese apokriewe as gesagvol aanvaar - die ander het op voetspoor van Athanasius en Hieronimus by die Hebreuse kanon gebly.

Op 8 April 1546, op die kerkvergadering van Trente, het die Rooms Katolieke Kerk amptelik verklaar dat hulle die inspirasie en kanonieke gesag van die OTA aanvaar. Daarom het hulle die OTA ook die deuterokanonieke boeke (tweede kanon) genoem. Hulle het verder verklaar: “As enige iemand die genoemde boeke (die OTA ingesluit – invoeging HH) nie in hul geheel en in al hul dele as heilig en kanoniek aanvaar nie,... laat hom ‘n vervloeking wees” <sup>(4)</sup>. Hierdie standpunt is bevestig by die Vatikaanse Konsilie (1870). Dit is vandag nog die standpunt van die Rooms Katolieke Kerk en daarom is die deuterokanonieke boeke nog deel van die “Rooms Katolieke Bybel”.

## **Die standpunt van die Reformasie**

Die standpunt van die Reformasie word weerspieël deur die uitsprake van die hervormers en die belydenisskrifte van die kerke. Luther het ‘n duidelike standpunt vir die Hebreuse Ou Testament

---

<sup>3</sup> Edwards, p 162 en Polman, p 238

<sup>4</sup> Lane, p 102

ingeneem. Hy het gesê dat die OTA wel gelees mag word, maar nie op een lyn met die Heilige Skrif gestel kan word nie <sup>(5)</sup>. Calvyn se houding teenoor die OTA word weerspieël in sy Institusie. Hy verwys meer as 4000 keer na die Heilige Skrif en slegs 10 keer na die apokriewe. Hy gebruik hulle egter nie een keer om 'n geloofswaarheid te begrond nie <sup>(6)</sup>. In teendeel, sy weerstand teen die gebruik van die OTA deur die Rooms Katolieke Kerk om valse leerstellings te verdedig, blyk duidelik uit sy geskrifte – onder andere sy Institusie <sup>(7)</sup>.

Dat die standpunte van die hervormers ook die geloofsoortuiging van die Protestantse kerke was, blyk uit hul belydenisskrifte <sup>(8)</sup>. Die Protestants Gereformeerde belydenisse - soos byvoorbeeld die Belydenis van Zurich (1545), die 39 Artikels van die Church of England (1563), die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) en die Westminster Confession of Faith (1646) - maak 'n duidelike onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke. Die standpunt van die Sinode van Dordrecht is geformuleer in Artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Dit lui soos volg:

*Die kerk mag hierdie boeke (die apokriewe) wel lees en daar lering uit trek vir soveel hulle met die kanonieke boeke ooreenstem. Hulle het egter geensins sodanige krag of gesag dat iemand deur hulle getuienis enige punt van die geloof of van die Christelike godsdiens sou kan bevestig nie. Hulle mag nie in die minste aan die gesag van die ander, die heilige boeke, afbreuk doen nie.*

Die Westminster Confession of Faith stel dit nog sterker. Die apokriewe boeke is nie deur God geïnspireer nie en is daarom nie deel van die kanon nie. Hulle dra geen gesag in die Christelike kerk nie en mag nie anders as enige ander menslike geskrif hanteer word nie. (Hoofstuk 1:3)

---

<sup>5</sup> Vergelyk die voorwoord in sy vertaling van die Bybel (1534)

<sup>6</sup> Lane, p 103

<sup>7</sup> Boek 4, Hoofstuk 9:14

<sup>8</sup> Vir voorbeelde vergelyk Polman, p 242-244



Ongelukkig het die Sinode van Dordrecht (1618/19), ter wille van hul verhouding met die buitelandse kerke (die Anglikaanse en Lutherse Kerke), besluit om apokriewe boeke in die State Vertaling (1637) op te neem <sup>9</sup>. Dit is egter so gedoen dat dit duidelik was dat hulle nie deel van die kanon is nie. Eerstens is die Ou Testamentiese apokriewe agterin (na die Nuwe Testament) as 'n afsonderlike eenheid geplaas. Dit is ook in 'n kleiner lettertipe as die Heilige Skrif gedruk en is nie soos die kanon van kantaantekeninge voorsien nie. Verder is daar ter inleiding 'n "waarschuwing aan de lezers van de Apocriefe boeken" geplaas waarin daar onder andere gesê word dat hulle nie in die samekomste van die gemeente gelees behoort te word nie.

Die besluit om die OTA saam met die kanon in een bundel te publiseer was egter nie die ideale nie. Dit was verwarrend en vir misverstand vatbaar omdat feilbare menslike geskrifte saam met die onfeilbare Woord van God in een bundel versprei is.

Die standpunt van die Gereformeerde kerke dat die OTA nie deel van die kanon is nie, kan soos volg gemotiveer word.

- ☞ God het Sy Woord in die Ou Testamentiese bedeling aan Sy verbondsvolk (die Jode) toevertrou (Ps 147:19 en 20; Rom 3:1). Die feit dat die OTA nie in Hebreeus geskryf is nie of nie in hul Hebreeuse vorm bewaar gebly het nie, is 'n sterk aanduiding dat dit nie deel van Sy Woord is nie.
- ☞ Die Jode in Palestina het nie die OTA as deel van die kanon aanvaar nie.
- ☞ Jesus Christus het Hom dikwels op die Ou Testament beroep. Hy het uit die Septuaginta aangehaal en tog nooit van die apokriewe boeke, wat daarin opgeneem is, gebruik gemaak nie! <sup>(10)</sup>.

---

<sup>9</sup> Polman, p 189

<sup>10</sup> Daar is wel in die Nuwe Testament verwysings na, inspelings op en aanhalings uit buite-Bybelse geskrifte. Paulus haal byvoorbeeld die Griekse digter Menander in 1 Kor. 15:33 aan. Dit beteken egter nie dat sy gedigte as kanoniek beskou moet word nie!

- ☞ Die belangrikste en deurslaggewende argument is dat die inhoud van die OTA dikwels die Heilige Skrif weerspreek. Die “waarschuwing aan de lezers van de Apocriefe boeken” noem *dosyne voorbeelde* waar die OTA nie met die Heilige Skrif ooreenstem nie <sup>(11)</sup>.

## Beoordeling van die OTA

Die OTA is waardevol vir die bestudering van:

- ☞ Die tale waarin dit oorspronklik geskryf en/of vertaal is.
- ☞ Die geskiedkundige en godsdienstige agtergrond van die tydvak waarin dit ontstaan het. Dit moet egter altyd in gedagte gehou word dat hul historiese waarde beperk word deur die geografiese en geskiedkundige foute wat daarin voorkom.
- ☞ Die godsdienstige denke en belewenis van ’n deel van die Joodse volk wat in die laaste vier eeue voor Christus geleef het.

Daar is gedeeltes van die OTA wat as opbouende leesstof beskryf kan word. Daar is egter ook gedeeltes wat ’n vrugbare teelaarde vir dwaling is. Enkele voorbeelde is:

- ☞ 2 Makkabeërs 12:42-46 waar soenoffers en gebede vir afgestorwenes “’n goeie en vrome ding is om te doen” genoem word.
- ☞ Tobias 12:8-9 waar daar geskrywe staan “dit is goed om met vas te bid; om mededeelsaam te wees, is ’n beter skat as goud. Mededeelsaamheid red van die dood, dit wis sonde uit en wen genade en die ewige lewe...” <sup>(12)</sup>
- ☞ 2 Makkabeërs 15:12-16 wat leer dat gestorwe heiliges vir die volk intree. Ons lees in verse 13-14 “’n Ander man het net so verskyn. ’n Mens kon aan sy wit hare en die manier waarop hy gestaan het, gesien het dat hy baie belangrik was. Sy hele voorkoms het gewys dat hy baie spesiaal is, iemand wat

---

<sup>11</sup> Vergelyk “De Apocriefe Boeken” deel I, pp 9-16

<sup>12</sup> Vertaling van Mijnhart

groot gesag afdwing. Onias sê toe van hom: 'Dis Jeremia, die profeet van God. Dit is hy was sy broers liefhet en vurig vir sy mense en hulle heilige stad bid.'" (13)

Die OTA is feilbare menslike geskrifte en is nie deel van die Woord van God nie! Ons kan ons geloof nie daarop begrond of daarmee bevestig nie! Hulle kan ook nie as maatstaf gebruik word om tussen 'waar en vals' en 'reg en verkeerd' te onderskei nie. Buitendien het ons die Ou Testamentiese apokriewe nie nodig nie. Die Heilige Skrif is volkome en genoegsaam. In die woorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

*Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.*

*Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe is, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die heilige Skrif geleer word nie - ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal. 1:8-9).*

*En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut. 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is. Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of van persone, of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles.* (14)

---

<sup>13</sup> Vertaling van Van der Watt

<sup>14</sup> Artikel 7 (eie beklemtoning)

# DIE NUWE TESTAMENTIESE APOKRIEWE (NTA)

## Die NTA in die geskiedenis

Die woord “apokrief” beteken “verborge”. Die NTA is deur sommige so genoem omdat hul oorsprong “verborge” – hul skrywers onbekend was. In ander kringe is die inhoud van die apokriewe geskrifte so hoog aangeslaan dat hulle van mening was dat die wysheid wat daarin vervat is, net vir die “ingewydes” bedoel was. Die betekenis was vir die oningewydes verborge.

Die NTA bestaan hoofsaaklik uit boeke wat in die eerste eeue n.C. valslik onder die naam van die apostels, ander Bybelskrywers of bekende Bybelfigure (soos Maria) geskryf is. Daarom word hulle ook pseudepigrawe (valse geskrifte) genoem. Hul titels is ook in die vorm van die name van die boeke van die Nuwe Testament gegiet (byvoorbeeld Die Evangelie van, Handeling van of Openbaring van ...) om die indruk dat hulle dieselfde gesag as die Nuwe Testamentiese boeke dra, te skep of te versterk.

Ons moet duidelik tussen die NTA en ander christelike geskrifte uit die eerste eeue na Christus onderskei! Baie geskrifte wat in daardie tyd ontstaan het, byvoorbeeld dié van die kerkvaders, kan met vrug gelees word.

Die NTA het soos onkruid weelderig tussen die 27 kanonieke boeke van die Nuwe Testament gegroei. Soos Origenes opgemerk het – die kerk het net vier Evangelies, ketterye baie <sup>(15)</sup>. Meer as 60 “evangelies”, “handelinge”, “briewe” en “openbaringe” is gedeeltelik of ten volle teruggevind. Die NTA het aangesluit by die Nuwe Testamentiese boeke, maar is aangevul deur legendes en fabels wat in omloop was. Verder het die skrywers hul verbeelding vrye teuels gegee. Hulle het veral klem gelê op “gebeurtenisse” wat

---

<sup>15</sup> Müller, p X

nie in die Bybel beskryf word nie. In die apokriewe evangelies vind ons byvoorbeeld “verhale” oor Josef en Maria voor Jesus se geboorte en oor die kinder- en jeugjare van Christus.

In stryd met Joh. 2:11 vertel die *Kindheidsevangelie van Thomas* hoe ‘Jesus’ van kleins af wonders doen. <sup>(16)</sup> Hy gee lewe aan twaalf kleimossies wat Hy gemaak het (2:1-4), maak ‘n seun wat van ‘n dak afgeval het lewend (9:1-3), rek ‘n plank wat te kort was sodat Josef dit kan gebruik (13:1-2) en maak Jakobus gesond nadat ‘n slang hom gepik het (16:1-2). Hy is ook baie aggressief, liggeraak en onbeskof. Wanneer Hy kwaad word, maak Hy ander kinders dood (3:1-3). In 4:1-2 lees ons: “Na dit het Hy weer deur die dorp gegaan, en ‘n seun het aangehardloop en Hom teen die skouer gestamp. En Jesus het Hom geërg en vir hom gesê: ‘Jy sal nie jou loop voltooi nie!’ En onmiddellik het hy neergeval en gesterwe ... En die ouers van die gestorwene het na Josef gekom en hom beskuldig en gesê: ‘Jy wat so ‘n kind het, kan nie by ons op die dorp bly woon nie! Of anders moet jy Hom leer om te seën en nie te vloek nie, want Hy maak ons kinders dood!’” Later lees ons hoe Josef Maria beveel om Hom nie buite toe te laat gaan nie, omdat almal wat Hom kwaad maak, sterwe (14:3).

## Beoordeling van die NTA

Anders as die OTA, het die NTA nooit as ‘n versameling geskifte wat deur ‘n deel van die Christelike kerk as kanon aanvaar is, bestaan nie. Van die begin af het die kerk dié geskifte met groot agterdog bejeën. Skerp kritiek is onder andere deur die kerkvaders Origenes (185 – 254 n.C.), Athanasius (276 – 373 n.C.), Hieronimus (340 – 420 n.C.) en Augustinus (354 – 430 n.C.) teen die NTA uitgespreek. By die kerkvergadering van Carthago (397 n.C.) is besluit dat slegs die 27 kanonieke boeke van die Nuwe Testament onder die naam van die Heilige Skrif in die kerk gelees mag word.

---

<sup>16</sup> “Hierdie eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo.” (Joh. 2:11 eie beklemtoning)

Die kerke van die Reformasie het die NTA so onbelangrik en onaanvaarbaar beskou, dat hulle nie eers in hul belydenisskrifte daarna verwys het nie. <sup>(17)</sup>

Die redes waarom die Nuwe Testamentiese apokriewe nie deur die kerk van Christus as deel van die kanon aanvaar is nie, is voor die hand liggend:

- ☞ Dit is valslik onder die naam van die apostels en ander bekende Bybelfigure uitgegee. Geen wonder dat 'n skrywer daarna as "vrome bedrog" verwys nie. <sup>(18)</sup>
- ☞ Die legendes en fabels wat as feite aangebied word, maak dit histories onbetroubaar.
- ☞ Die weerspreking van Bybelse waarhede wat daarin voorkom, maak dit uiters gevaarlik vir die geloofslewe van die kerk – soos die invloed wat hulle op die teologie van die Rooms Katolieke Kerk uitgeoefen het, bewys!

Enkele dwalings wat of deurskemer of openlik verkondig word, is die volgende:

☞ Menseverering:

Maria word as wonderkind geskilder. Ons lees onder andere in die *Proto-evangelie van Jakobus* dat Maria 'n wonderkind was. Toe sy ses maande oud was loop sy presies sewe tree (6:1) en op driejarige ouderdom dans sy in die tempel (7:3). Terwyl sy in die tempel groot word, bring 'n engel vir haar kos (8:1). Later word gesê dat sy 'n maagd gebly het, selfs na die geboorte van Christus (19:1-20:3). Volgens die *Openbaring van Paulus* vergesel die engele haar in die hemel en sing hulle lofliedere vir haar (46). Sy word selfs die "moeder van God" genoem (41).

Ook die apostels, veral Petrus en Paulus, word op 'n on-Bybelse manier vereer. Hulle word as byna bo-menslik geskilder, so asof hulle na willekeur wonders kan doen. In die

---

<sup>17</sup> Die NGB artikel 7 verwys na die Ou-Testamentiese Apokriewe

<sup>18</sup> Müller, p ix

*Handelinge van Paulus* lees ons hoe hy en 'n leeu, wat hy vroeër gedoop het, in gesprek met mekaar is <sup>(19)</sup>. Wanneer Paulus onthoof word, spuit daar melk (en nie bloed nie) uit sy liggaam. Na sy dood verskyn hy aan verskillende mense, onder andere keiser Nero <sup>(20)</sup>.

Volgens die *Openbaring van Paulus* word hy in die hemel deur Maria aangespreek as "vriend van God" (46). Wanneer Christus verskyn verwys Hy na hom as "My vriend" (44). Ter wille van Paulus en die engel Gabriël gee Christus vir diegene wat in die hel is, een dag per week (die Sondag) 'n ruskans (44).

☞ Gnostiese dwalings:

Daar is verskeie van die NTA wat met gnostiese dwalings <sup>(21)</sup> deurspek is, onder andere die *Evangelies van Thomas en Maria*. Ons lees byvoorbeeld dat 'Jesus' sê: "As julle die twee een maak ... as julle manlik en vroulik een maak, sodat die manlike nie meer manlik is en die vroulike nie meer vroulik ... dan sal julle die koninkryk binne gaan." (Thomas 22). Aan die einde van die boek lees ons ook: "... want 'n vrou wat haar manlik maak sal die koninkryk binne gaan." (Thomas 114)

In die *Handelinge van Paulus* lees ons dat diegene (ook die getroudes) wat hulle lewenslank van seksuele gemeenskap onthou, die ewige lewe sal beërwe (5 en 6). Die *Handelinge van Petrus* sluit hierby aan. Petrus sterf 'n marteldood, nie omdat hy die Evangelie van Christus verkondig nie, maar omdat hy vroue deur sy prediking oortuig om nie met hulle mans gemeenskap te hê nie (4 en 5).

---

<sup>19</sup> Vergelyk die *Handelinge van Paulus* in die hoofstuk "Paulus in Efese"

<sup>20</sup> Vergelyk die *Handelinge van Paulus* in die hoofstuk "Paulus se marteldood", par 5 en 6

<sup>21</sup> Vir 'n kort verduideliking van die die Gnostiek – 'n dwaalrigting waarmee die Christelike Kerk vanaf die tweede eeu te doen gekry het - vergelyk die Bybelse Ensiklopedie, 251-252

☞ Voorbidding vir die afgestorwenes:

Volgens die *Handelinge van Paulus* kan daar gebid word dat afgestorwenes na die hemel oorgeplaas word (28 en 29).

### **Behoort ons dan die NTA te lees?**

Diegene wat bevestigend antwoord wys onder andere op hul:

- ☞ Invloed op die Westerse beskawing, byvoorbeeld op die letterkunde en skilderkuns.
- ☞ Geskiedkundige waarde.
- ☞ Betekenis vir die verstaan van die vroeë Christelike kerk.
- ☞ Invloed op die teologie van die Rooms Katolieke kerk.

Vir die studie van bepaalde onderwerpe kan bogenoemde motivering met enkele voorbehoude aanvaar word. Die bestudering van die leuens waarmee die “vader van die leuen” die Woord van die Here probeer besmet het, is waarskynlik die belangrikste. Hoe egter beweer kan word <sup>(22)</sup> dat die NTA “diensknegte van die Bybel” is, dat die lees van die NTA ons verstaan van die Bybel “geweldig kan verryk” en dat dit ons ‘n beter begrip kan gee “van wie ons is as ons onself Christene noem” is geheel en al onbegryplik. Inteendeel!!! Groot gedeeltes van die NTA adem die “gees van die antichris”. Hulle verkondig nie die Christus wat in die Woord van God verkondig word nie (1 Joh. 2:18-23; 4: 1-6 en 2 Joh. 7-11.) Hulle verkondig ‘n “ander Jesus” (2 Kor. 11:1-4) en ‘n “ander evangelie” (Gal. 1:6-10). Geen wonder dat verskeie “moderne” dwaalrigtings, soos die sogenaamde Nuwe Hervorming, soveel aanklank by hierdie geskifte vind nie. Die beginsel wat ten grondslag lê van van die opdrag in 2 Joh. 10 en 11 “Moet hom nie in jul huise toelaat nie”, is ook op hierdie geskifte van toepassing.

Natuurlik kan al die Nuwe Testamentiese apokriewe nie oor dieselfde kam geskeer word nie! Elke boek moet op sy eie beoordeel word. Party is minder skadelik as ander. Tog is dit duidelik dat nie een van hulle in dieselfde asem as die boeke van die Nuwe

---

<sup>22</sup> Van der Watt en Tolmie, p 12 en 27



Testament genoem behoort te word nie. Soos een skrywer dit so treffend stel: "Want die oorwegende indruk wat die lees van die apokriewe op ons gees maak, is die diepe besef van die ongerepte suiwerheid, die oneindige meerderwaardigheid en die ongeëwenaarde majesteit van die kanonieke geskrifte van die Nuwe Testament" <sup>(23)</sup>.

---

---

<sup>23</sup> Müller, p XIX

## BY MODDERPOELE OF SUIWER FONTEINE?

Die debat oor die apokriewe boeke bring 'n aantal belangrike vrae na vore! Waarom die belangstelling in die apokriewe geskifte? Waarom sal ons histories onbetroubare geskifte bestudeer as ons die onfeilbare Woord van God ontvang het? Waarom sal ons ons besig hou met boeke wat met die leuen besmet is, as ons die Boek wat die waarheid, die volle waarheid en niks anders as die waarheid verkondig, kan bestudeer? Waarom in die skemer (duisternis?) lewe as ons in die lig kan wandel? Waarom besmette melk drink as ons onself met die suiwer geestelike melk kan voed? Waarom probeer om ons dors uit 'n modderpoel te les as 'n suiwer fontein tot ons beskikking is?

Daar is verskillende groepe mense wat 'n draai by die modderpoel sal maak:

- ☞ **Die onkundiges:** Mag die Here hulle van hul blindheid genees sodat hulle tussen lig en dwaallig kan onderskei.
- ☞ **Die nuuskieriges:** Mag hulle gou weer na die Woord terugkeer nadat hulle nuuskierigheid bevredig is.
- ☞ **Die leergieriges:** Mag die smaak van modder hul laat hunker na die suiwer onvervalsde melk en mag hulle verdedigers van die waarheid word.
- ☞ **Die misleides** – hulle wat die leuen begin glo dat die Bybel nie die onfeilbare Woord van God is nie: Mag God hulle genadig wees en tot inkeer bring.

Mag die Here ons bewaar van die “vader van die leuen” en mag ons die woorde van die Heilige Gees deur die apostel Petrus (wat van toepassing is op die hele Skrif!!) ter harte neem:

*“En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte”  
(2 Pet 1:19)*

## LITERATUUR

1. Aalders G.CH. en Van Unnik W.C.: **“Apocriefen”** in die “Christelike Encyclopedie Band 1, Tweede Herziene Druk”, J.H. Kok N.V. Kampen 1956, pp 257-260
2. Bijl C.: **“Leren geloven”**, Uitgewerij De Vuurbaak Barneveld 1999, pp 37-40
3. Birdsall J.N.: **“Apocrypha”** in die “New Bible Dictionary” (tweede uitgawe), IVP 1982, pp 56-58
4. Bruce F.F.: **“The Canon of Scripture”**, Chapter House Limited, Glasgow 1988
5. Cohn-Sherlock D.: **“Die Hebreuse Bybel”** in die “Handboek by die Bybel” (derde uitgawe), Lux Verbi BM 2005, pp 515-520
6. Edwards Brian H.: **“Nothing but the Truth”** (second edition), Evangelical Press 1993, pp 151-173
7. Edwards Brian H. [2]: **“Why 27?”**, Evangelical Press, 2007
8. Elliot M.: **“Die Deutero Kanonieke Boeke”** in die “Handboek by die Bybel” (derde uitgawe), Lux Verbi BM 2005, pp 68-73
9. Geisler Norman L. en Nix William E.: **“A General Introduction to the Bible”**, Moody Press, Chicago 1986, pp 203-317
10. Gispen W.H.: **“Bybelse Ensiklopedie”**, Verenigde Protestantse Uitgewers, Kaapstad 1977
11. Hodge A.A.: **“The Confession of Faith”**, The Banner of Truth Trust (1869 herdruk 1998), pp 30-35
12. Lane William L.: **“Apocryphia”** in die “Classic Bible Dictionary”, Sovereign Grace Trust Fund 1988, pp 100-114
13. Mijnhart F.: **“Apokriewe van die Ou Testament”**, JL van Schaik 1996
14. Muller Jac J.: **“Nuwe Testamentiese Apokriewe”**, NG Kerk Uitgewers 1976
15. Polman A.D.R.: **“Onze Nederlandche Geloofbelijdenis Vol 1”**, T Wever – Franeker, pp 237-247
16. Russell D.S.: **“Tussen Maleachi en Mattheüs”**, N.V. Servire Den Haag 1962, pp 65-78
17. Van der Watt J. en Tolmie F.: **“Apokriewe, Ou en Nuwe Testament”**, Christelike Uitgewersmaatskappy 2005
18. Verhoef P.A.: **“Ou Testamentiese Apokriewe”** (tweede uitgawe, derde druk), NG Kerk Uitgewers 1978
19. Vonk C.: **“De Voorzeide Leer (IIIA) – De Nederlandse Geloofsbelijdenis”**, Drukkerij Barendrecht 1955, pp 183-202

20. Walls A.F.: **“New Testament Apocrypha”** in die **“New Bible Dictionary”** (tweede uitgawe), IVP 1982, pp 828-834
21. **“De Apokriefe Boeken I en II”** (Volledige herdruk volgens de oorspronklike uitgawe van Jacob en Pieter Keur met ‘n inleiding deur Prof WC van Unnik), JH Kok N.V. Kampen (derde druk).